23.6 RAPPORT 6: DEPUTATE PUBLIKASIES – CJBF – WEBBLAD (Artt 121, 122)

A. Dr GJ Meijer lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**

1. Opdrag

Die Sinode gee die Deputate-CJBF opdrag om in oorleg met die Deputate Inligtingstegnologie 'n webblad te ontwikkel waarop preke in Afrikaans voorsien word (Acta 2006:761, 2.6.12; Acta 2012:438, D).

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 Daar is voortgegaan met 'n eie webwerf vir die CJBF. Dr HF van Wyk is vir dié doel op die Deputate gekoöpteer.
2.2 Op die webwerf (www.cjbf.co.za) is die volgende beskikbaar:
2.2.1 Huidige publikasies
2.2.1.1 Die bekendstelling van nuwe en bestaande publikasies van die CJBF. 'n Bestelvorm is op die webblad.
2.2.1.2 Daar is tans 12 publikasies wat beskikbaar is.
2.2.2 Publikasies wat uit druk is
2.2.2.1 Om publikasies wat uit druk is, elektronies op die webwerf te plaas. Lesers kan dus hierdie publikasies gratis elektronies vanaf die webwerf aflaai.
2.2.2.2 Daar is ook die fasiliteit dat publikasies wat uit druk is te laat druk indien dit aangevra word. Die drukkoste is vir die persoon wat die publikasie wil bekom.
2.2.2.3 Daar was einde Junie 2014 reeds 34 boeke beskikbaar.
2.2.3 Institusie van Calvyn
2.2.3.1 Die 1536-uitgawe is in PDF-formaat op die webwerf beskikbaar.
2.2.3.2 Die 1559-uitgawe is uitgebreid op die webwerf beskikbaar met die volgende kenmerke:
2.2.3.2.1 Die volledige Institusie kan afgetrek word en óf op die rekenaar self óf op 'n CD / Datavinger gelaai word vir gebruik.
2.2.3.2.2 Woorde en begrippe kan in die hele dokument gesoek word.
2.2.3.2.3 Die Institusie kan gedeeltelik of in die geheel uitgedruk word.
2.2.4 *Quo Vadis*: Al die *Quo Vadis*-uitgawes (op een na) wat oor die jare verskyn het, is elektronies op die webwerf geplaas. Daar word van die katalogisering van die Ferdinand Postma Biblioteek gebruik gemaak om spesifieke temas in die *Quo Vadis* te soek.
2.2.5 Evangeliseringsmedia: Die fasiliteit is daar om Evangeliseringmedia elektronies van die webblad af te trek. Daar is 'n skakel aangebring indien daar besondere behoeftes is om dit te versoek.
2.2.6 Hospitaalbediening Die fasiliteit is daar om Hospitaalbedieningsmedia elektronies af te trek vanaf die webblad. Daar is 'n skakel aangebring indien daar besondere behoeftes is om dit te versoek.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.2.6 met dank kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

3.1 Die Sinode benoem weer Deputate om die webblad verder ontwikkel, sowel as om aandag te gee aan al die sake wat in proses van behandeling is.

Besluit: Goedgekeur.

D. **AANVULLENDE RAPPORT**

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

Die CJBF-webblad word tans afsonderlik van die GKSA-webblad bestuur en bedryf. Die twee webblaaie is wel met skakels aan mekaar verbind. Die CJBF-webblad staan onder direkte toesig en monitering van die Deputate.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waaroor die Sinode besluit

2.1 Die Sinode gee opdrag dat die GKSA-webwerf en die CJBF-webwerf geïntegreer word in een enkele webwerf en dat die inhoud van die CJBF-webblad steeds onder toesig van die CJBF-deputate staan.

Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).